Mei 2010	
OMSENDBRIEF	
1	Kantoorsake
2	2010 Joernaal
3	Rasdirekteur
4	2010 Algemene Jaarvergadering
5	2010 Nasionale Veiling
6	2010 Veilingsdatums
7	2010 Boran Inligtingsdae
8	Teler van die Jaar - 2010
9	Bemarking
10	2010 Nampo
11	
12	
	Boran Beestelersgenootskap van Suid-Afrika Pobus 506, Bloemfontein, 9300 Tel: 051-4100 951 Fax:051-448 4220 / 086 572 0762 e-pos:boran@studbook.co.za

1. KANTOORSAKE

Lees asseblief alle korrespondesie wat aan u gekommunikeer word. Raadsbesluite en ander belangrike inligting word op gereelde basis aan u deurgegee, maar dit blyk tog dat almal nie hulself vergewis van die inhoud daarvan nie.

2. 2010 Joernaal

Baie dankie aan almal wat bygedra het tot die kwaliteit materiaal waaruit ons 2010 Joernaal saamgestel is. Ons is trots op die eindproduk!

'n Besonderse woord van dankie aan Lollie Botha wat ons 2010 Joernaal ontwerp en saamgestel het. Sy het haar baie goed van haar taak gekwyt!

Ons rig 'n vriendelike dog dringende versoek aan almal wat in die 2010 Joernaal advertensies geplaas het, om asseblief u advertensiekoste so spoedig moontlik te vereffen. Ons finansiële jaar eindig op 30 Junie 2010 en ons sal graag ons finansies vir die betrokke jaar op gesonde noot wil afsluit.

3. Rasdirekteur

Dit is met spyt dat ons u hiermee in kennis stel van Adriaan Rall se bedanking as Rasdirekteur. Raadslid en Keurder. Hy sal egter nog betrokke wees by keurings tot op 16 Julie 2010 wanneer sy termyn verstryk.

Ons opregte dank en waardering aan Adriaan vir die onbaatsugtige diens wat hy aan die Boran Beestelersgenootskap en breë publiek gelewer het. Ons wens hom 'n welverdiende ruskans en sukses met sy boerdery toe.

Die Rasdirekteur-pos gaan deur die Raad heroorweeg word. Indien daar besluit word om wel weer 'n Rasdirekteur aan te stel, sal die pos geadverteer word.

4. 2010 ALGEMENE JAARVERGADERING EN NASIONALE VEILING

Die Algemene Jaarvergadering sal om 14:00 op 16 Julie 2010 in die Afridome, Parys, plaasvind. Slegs besprekingspunte op die Agenda sal behandel word.

Mnr. Herman Labuschagne van SA Stamboek, sal op Vrydag 16/07/2010 om 10:00 'n werksessie oor die gebruik van die Logix program aanbied. Dit sal in die groot tent plaasvind wat binne die Dome vir die Algemene Jaarvergadering aangebring sal word. U is welkom om daaraan te kom deelneem en u behoeftes met Herman te bespreek.

5. 2010 NASIONALE VEILING

Die Boran **Nasionale Veiling** sal op Saterdag 17 Julie 2010 om 11:00 in die Afri Dome te Parys deur CMW Elite aangebied word. Mnr. Johan van der Nest sal as afslaer optree.

BAIE BELANGRIK:

Slegs gekeurde geregistreerde C- en SP-diere sal op die Nasionale Veiling toegelaat word. Ons doen 'n ernstige beroep op elke deelnemer aan die Nasionale Veiling, om seker te maak dat die dier/e wat u ingeskryf het, aan die standaard voldoen en onberispelik veilingswaardig voorkom. Die Nasionale Veiling is 'n belangrike vertoonvernster van ons ras en dit is elke teler se verantwoordelikheid om as ambassadeur van die Boran-ras op te tree.

Alle veilingsdiere moet reeds teen 12:00 op Donderdag 15/07/2010 vir "screening" gereed wees. Ons maak staat op u samewerking.

6. 2010 VEILINGSDATUMS

Neem kennis van die volgende veilingsdatums:

Circle C - 05/06/2010
Nasionale Veiling - 17/07/2010

KZN Boran Klub - 24/07/2010
Johan Naudé - 31/07/2010
Simon Hodgson - 27/08/2010
Vrystaat Boran Klub - 11/09/2010
B4-Veiling - 18/09/2010
Waterberg Boran-klub - 02/10/2010
Ben Spies Familie - 20/10/2010
Circle C - 06/11/2010

7. 2010 BORAN INLIGTINGS-DAE

Ons wil u aanmoedig om waar moontlik, Boran Inligtingsdae by te woon. Waardevolle inligting- en opleidingsessies word tydens Inligtings-dae aangebied.

Neem kennis van die volgende datums waarop Inligtingsdae aangebied sal word\ Please note the following dates :
04/09/2010 - Circle C (Excelsior) – 083-255 8665

Baie dankie aan mnr. Francois Smit en die KZN Boran-klub wat op 13/03/2010 ‘n Boran Inligtingsdae aangebied het. Ons het groot waardering vir hul betrokkenheid en bydrae om die Boran te promoveer.

Besoek gerus ons webtuiste, www.boran.org.za, vir ander belangrike datums en inligting.

8. TELER VAN DIE JAAR

Dit is met ‘n tikkie teleurstelling dat ons u meedeel dat ons nie vir 2010 ‘n Teler van die Jaar toekenning sal doen nie, en dat dit tot 2011 sal oorstaan.

9. BEMARKING

Die Raad beoog om ‘n Bemarkingskomitee saam te stel. Verskeie telers het reeds te kenne gegee dat hulle met hierdie aksie behulpsaam sal wees. Dit word werklik waardeer en dit blaas die vlam van entosiasme lekker aan!

Ons doen ‘n dringende beroep op alle telers wat ons hierin wil ondersteun om na vore te tree en u naam asseblief voor 30/06/2010 aan die kantoor deur te gee.

Daar is verskeie bemarkingsgeleenthede en ons wil graag ons telers se kundigheid inspan om die beste daarvan te maak. Dankie dat ons weereens op u kan staatmaak.

10. 2010 NAMPO

Baie dankie aan KZN-Boran Klub wat ons Nampo-stalletjie beman het. Ons het groot waardering vir u tyd en moeite aan ons afgestaan. Ons vertrou dat die blootstelling ontvang, ook vir julle tot voordeel sal strek.

Sukses met u boerdery!

Boran groete

Eloff Muller
PRESIDENT

May 2010	
CIRCULAR	
1	Office Matters
2	2010 Journal
3	Breed Director
4	2010 Annual General Meeting
5	2010 Nasional Sale
6	2010 Sale Dates
7	2010 Boran Information Days
8	2010 Breeder of the Year
9	Marketing
10	2010 Nampo
11	
12	
	Boran Beestelersgenootskap van Suid-Afrika Pobus 506, Bloemfontein, 9300 Tel: 051-4100 951 Fax:051-448 4220 / 086 572 0762 e-pos:boran@studbook.co.za

BORAN

1. OFFICE MATTERS

As it would appear as though some members are not fully informed of council decisions and other important information which are communicated on a regular basis, we wish to appeal to members please to ensure to read all correspondence from the office.

2. 2010 Journal

Our thanks to all that had contributed to the success and excellent quality of our 2010 Journal – our pride and joy!

A special word of thanks to Lollie Botha who was responsible for the design and compilation of the 2010 Journal. Congratulations on a job well done indeed.

We appeal to all advertisers in the 2010 Journal please to settle advertising costs as soon as possible as our financial year ends on June 30 and it is our aim to close our financial year on a positive note.

3. Breed Director

It is with regret that we have received Adriaan Rall's resignation as Breed Director, councilor and inspector. He will however still be available for inspections until July 16, 2010 when his term expires.

Our sincere thanks and appreciation to Adriaan for his selfless service to the Boran Society and the public. We wish him well with his farming enterprise and a well deserved break.

Council will reconsider the appointment of a new Breed Director when the position will be advertised.

4. 2010 ANNUAL GENERAL MEETING

The Annual General Meeting will be held on July 16, 2010 at 14:00 in the Afridome, Parys and only matters listed on the agenda will be dealt with.

A workshop pertaining to the LOGIX program will be presented by Herman Labuschagne of Stud Book on Friday, 16, 2010 at 10:00 in the tent where the AGM will be held. You are invited to attend this workshop and convey your needs to Herman.

5. 2010 NATIONAL SALE

The Boran National Sale will be presented on Saturday, 2010 07 17 at 11:00 in the Afri Dome, Parys by CMW Elite with Mr Johan vd Nest officiating as auctioneer**.**

VERY MPORTANT

Only inspected registered C and SP animals will be allowed for the National Sale. We appeal to sellers please to ensure that animals entered conform to the necessary standards and the requirements for sale worthiness. This is our most auspicious shop window and each breeder should act as ambassador of the Boran breed on this occasion.

All animals must be available for screening at 12:00 on Thursday, 2010 07 15 and we rely on your cooperation in this regard.

6. 2010 SALE DATES

Please note the following sale dates:
Circle C - 05/06/2010
National Sale - 17/07/2010
KZN Boran Club - 24/07/2010
Johan Naudé - 31/07/2010
Simon Hodgson - 27/08/2010
Free State Boran Club - 11/09/2010
B4-Sale - 18/09/2010
Waterberg Boran Club - 02/10/2010
Ben Spies Family - 20/10/2010
Circle C - 06/11/2010

7. 2010 INFORMATION DAYS

You are being encouraged to attend Boran Information days where possible as valuable information is conveyed and training done on these occasions.

Our thanks to Mr. Francois Smit and the KZN club for hosting an information day on 13.03.2010. Your contributions in this regard are highly appreciated.

Visit our web site www.boran.org.za for other important dates and information.

8. BREEDER OF THE YEAR

It is with some regret that we have to advise that the Breeder of the year award will not be done this year and that it will again be allocated in 2011.

9. MARKETING

Council is in the process of appointing s Marketing Committee and various breeders have intimated that they would be prepared to assist in this regard. We appreciate your willingness which is infusing the flame of enthusiasm!

Should YOU be interested in this action please submit your name to the office prior to 30.06.2010.

It is our aim to make use of the expertise of our members to address various marketing strategies and we thank you for once more being able to rely on your support in this regard.

10. 2010 NAMPO

Thank you to KZN Boran Club for manning the NAMPO stall. We appreciate your efforts in this regard and trust that the exposure received would be to your benefit.

Success with your farming enterprise!

Boran Greetings

Eloff Muller
PRESIDENT